

Ons Haantjie

Nr 130

Mei 2017


Nuusbrief van die Peter Henrich Henning Familiebond

Wingerd 205
Theewaterskloof Landgoed
Villiersdorp

Posbus 121
Villiersdorp
6848

Tel: 028 840 0113 www.henning.org E-pos: olie4@henning.org
Verskyn vier keer per jaar: Februarie, Mei, Augustus en November

Die CNO-skool te Steynsburg



Steynsburg gedurende 1879, slegs sewe jaar nadat die dorp deur die Gereformeerde Kerk gestig is. Die kerk het in die begin self die dorp bestuur. Die groot gebou in die middel is die kerk. Carl Christian Hennings, sy vrou, Johanna (gebore Postma) en hulle kinders het op die dorp gewoon

In die beginjare van my navorsing na die Henning families van Suid-Afrika het ek bewus geword van 'n Carl Christian Hennings wat met Johanna Postma (gebore 1862), dogter van Ds Dirk Postma, die eerste predikant van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, getroud was. Ek kon hom egter nooit ingepas kry by enige van die Henning stamme in Suid-Afrika nie. Op daardie stadium was ek nie bewus van

enige mense uit die 18de/19de eeu met die van Hennings in Suid-Afrika nie en het gedink dat Carl Christian Hennings se van maar net verkeerd gespel was en 'n ekstra "s" bygekry het. Baie mense (enveral predikante) se skrif was van sodanige aard dat die krul van die laaste 'g' van Henning 'n ekstra kinkel bygekry het, wat soos 'n 's' lyk. Verskeie gevalle van hierdie aard het tydens my navorsing na vore gekom. Ek was ook bewus dat hierdie fout ook in die verre verlede in Europa met die voornaam en van Henning gemaak is – talle Henning's het met verloop van tyd Hennings of Hennig of Hennigs geword (omdat daar so baie n'e en i's na mekaar volg). As mens na die Henning wapens in die Henning Familielikoniek kyk, sal jy sien dat hierdie foute selfs in die dae van die ridders, toe familiewapens in gebruik gekom het, gemaak is. Ons kon familiewapens van Henning, Hennings, Hennig en Hennigs opspoor.

Wat my verder laat dink het dat hy waarskynlik by die Peter Henrich Henning stam inpas, was die feit dat hy gewoon het in die middel van die gebied waar die b6 of Willem Frederik tak Henning's gevestig was, nl Steynsburg in die Noord-Oos Kaap. Hierdie stukkie inligting oor Carl Hennings se huwelik met Johanna Postma *28-11-1862 het dus vir bykans ses-en-dertig jaar lank in my lêer van Hennings wat nog nie geplaas kon word nie, gelê.

Onlangs ontvang ek 'n E-Pos van 'n Dirk van Renen van Pinetown wat navraag doen of ons weet van enige verwantskap tussen die Henning families van Suid-Afrika en gemelde Carl Christian Hennings. Dirk se vrou se ouma (aan haar pa se kant) was 'n dogter van Carl Christian Hennings en sy vrou Johanna Postma. Hy kon opspoor dat gemelde Carl Christian Hennings op 25-1-1855 te Altona, Hamburg, Duitsland gebore is.

Dit maak Carl Christian Hennings dus die eerste Hennings stamvader in Suid-Afrika, waarvan ons bewus is.

Carl en sy vrou het te Steynsburg gewoon en hy het skynbaar sewe kinders gehad, waarvan een as kind oorlede is. Hy was betrokke by die Gereformeerde Kerk op Steynsburg se aksies om 'n vrye privaat Christelike skool (Christelike Nasionale Onderwys of CNO-skool) 'n paar jaar na die Anglo-Boere-oorlog (ABO) op die dorp te vestig.

Dirk van Renen het vir ons 'n uittreksel uit die verhandeling van M D van der Vyver gestuur, wat hy in Desember 1958 by die PU vir CHO ingedien het ter verwerwing van die M Ed graad. Die verhandeling het gehandel oor die Christelik-Nationale Onderwysbeweging op Steynsburg 1904 – 1950. In Van der Vyver se verhandeling word nie net na Carl Christian Hennings se rol in die stigting van hierdie CNO-skool verwys nie, maar ook die rol wat a1.b6.c3.d9. Johannes Christiaan Henning *10-6-1843 gespeel het, word uitgelig. Johannes Christiaan Henning het in die distrik, op die plaas Kalkoenkrans gewoon en het as ouderling in hierdie gemeente gedien.



Die Hennings & Hovy Algemene Handelaars en Wolkopers te Steynsburg. Carl Christian Hennings en sy skoonseun Willem Hovy (Hovij) het die besigheid besit

Die opofferinge en harde werk van hierdie dinamiese gemeente en die feit dat 'n Henning en 'n Hennings ook in hierdie verhaal uitgeblink het, het my onmiddelik aangespoor om dieper te self, om die lesers van Ons Haantjie ook daarvan te vertel — veral omdat verskeie nasate van a1.b6.c3.d9. Johannes Christiaan Henning

lede van die familiebond is en so 'n groot persentasie van ons lede in die algemeen by die b6 Willem Frederik tak inpas.

Om die gebeure op Steynsburg beter te verstaan, moet ons ‘n bietjie agtergrond gee oor die stand van onderwys kort na die Anglo-Boere-oorlog (ABO) in Transvaal, Oranje-Vrystaat en die Kaapkolonie.

Voor die oorlog was die gees en onderwyswette in beide Boere-republieke op Christelik-Nasionale onderwys (CNO) ingestel, waar die ouers ten volle verantwoordelik was vir die onderrig van hulle kinders en die bestuur van CNO-skole, met ondersteuning deur die onderskeie regerings. In die Kaapkolonie het baie Afrikanerouers ook in die beginsel van ouerbeheer geglo en het verskeie privaat CNO-skole tot stand gekom.

Na die beëindiging van die ABO in 1902 het die Britse bewindhebbers in die Transvaal en Oranje-Vrystaat beheer probeer oorvat van alle skole en was glad nie die stelsel van Christelik-Nasionale onderwys goedgesind nie. In beide die Transvaal en Oranje-Vrystaat het bewegings dus weer tot stand gekom om Christelik-Nasionale Onderwys te laat herleef en is talte nuwe privaat CNO-skole gestig. Nadat selfbestuur gedurende 1906 en 1907 teruggehandig is aan die Transvaal en Oranje-Vrystaat is al die doelwitte van Christelik-Nasionale onderwys weer by staatskole ingevoer en het die behoefté aan privaat CNO-skole verval.

In die Kaapkolonie het dit na die ABO ook duidelik geword dat die onderwysowerhede glad nie die stelsel van CNO-skole goedgesind was nie. Die belangrikste mikpunt van die owerhede was om Afrikaner kinders te verengels. Enkele privaat CNO-skole is deur gemeenskappe in stand gehou, maar die meerderheid moes met verloop van tyd tou opgooi, weens onvoldoende befondsing en maar inval by die staat se skole.

Dit bring ons by Steynsburg. Steynsburg het as dorp tot stand gekom as gevolg van die gemeente van die Gereformeerde Kerk wat in 1872 daar gestig is. Sommige van die boere in die omgewing (veral A P J Steyn, na wie die dorp uiteindelik vernoem is) het sterk gevoel dat hulle ‘n gemeente nader aan hul plase moes kry. Hulle het dus ‘n plaas gekoop en dit aan die kerk gesenker om ‘n nuwe gemeente en ‘n dorp te stig. Die kerk het dus al die aksies uitgevoer om die dorp te laat proklameer en het vir baie jare ‘n groot rol in die bestuur van die dorp gespeel.



Die Steynsburg CNO-skool wat reg agter die kerkgebou van die Gereformeerde Kerk Steynsburg opgerig is. Beide b6.c3.d9. Johannes Christiaan Henning *10-6-1843, plaasboer en ouderling in die gemeente en Carl Christian Hennings *1855 ‘n handelaar op die dorp, het ‘n rol gespeel in die totstandkoming van hierdie skool. Die Gimnasium (hoërskool) en Normaalkollege was uitvloeisels van hierdie CNO skool

Die kweekskool waar teologiese studente vir die Gereformeerde kerke opgelei is, was in die nabijgeleë Burgersdorp gesetel. Reeds voor die ABO het dit al duidelik geword dat die Kweekskool sal moet wegskuif van Burgersdorp, omdat daar geen uitbreidingsmoontlikhede op Burgersdorp was nie. Toe dié saak na die


ABO weer te berde kom, het die Steynsburg gemeente voorgestel dat die kweekskool na Steynsburg verskuif. Gemeentelede het mildelik bygedra tot 'n fonds om die verskuiwing moontlik te maak. Daar was selfs aanbiedinge vir die bou van 'n koshuis/losieshuis.

Teen 1904 het dit gelyk of dit 'n uitgemaakte saak sou wees dat die kweekskool na Steynsburg sou skuif. As gevolg van die algemene toestand van verwoesting en armoede na die ABO, in die res van die land, het niemand anders na vore getree wat ook moontlik die kweekskool sou kon huisves nie.

Die Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerke moes net sy stempel daarop sit. Tydens die sitting van die Sinode kom daar egter 'n heel nuwe wending. Die gemeente van Potchefstroom kom met nuwe voorstelle vorendag, wat uiteindelik na lang en indringende bespreking, deur die Sinode aanvaar word. **'n Diep en wrede teleurstelling vir die Steynsburgers, wat bykans alles opgeoffer het om te verseker dat hulle die kweekskool kry.**

Die Steynsburgers se doelbewustheid, vasberadenheid, deursettingsvermoë en geloof in 'n beginselsaak waarop hulle hul hart gesit het, sou hulle nie toelaat om hul groot ideaal van 'n Christelik-Nasionale onderwysaksie op Steynsburg sonder meer te laat vaar nie. Daar word eenparig deur die gemeente besluit dat al die fondse wat ingesamel is en aanbiedinge van grond, aangewend sal word vir die oprigting van 'n CNO-skool. Op die kerkraadsvergadering van 1 Julie 1904 word 'n kommissie bestaande uit J.C. Henning (a1.b6.c3.d9 Johannes Christiaan Henning *10-6-1843), C.A. van Rooy en H. Venter aangestel om 'n plan vir die skool, met kostberekening voor te lê.

By die volgende kerkraadsvergadering is hierdie kommissie se planne goedgekeur en twee ekstra lede by die kommissie gevoeg, nl A J van der Walt en C C Hennings (Carl Christian), 'n handelaar op die dorp. Hierdie kommissie sou voortaan as boukommissie optree. Intussen is 'n skoolkommissie ook benoem. Carl Christian Hennings, was ook een van die lede van hierdie skoolkommissie.



Die Steynsburg Normalkollege wat gedurende 1913 gestig is, waar 850 onderwysers oor die daaropvolgende 37-jaar opgelei is. Dit het sekerlik bygedra tot die sukses van Afrikaanse skoolonderrig in die hele land die daaropvolgende 100 jaar

Wat hierna duidelik word, is dat hierdie nie 'n gewone CNO-skool was nie, maar inderwaarheid 'n kerkskool. Die skoolkommissie sou dus bestaan uit verteenwoordigers van die gemeente (ouers), asook verteenwoordigers van die kerkraad. So is C C Hennings genomineer as een van die ouer-verteenvoordigers en ouderling J C Henning as een van die verteenwoordigers van die kerkraad.

Op 17 Julie 1905 het die skool met 60 leerlinge geopen. Weens die na-oorlogse depressie en periodieke droogtes, was die eerste jare van die skool se bestaan 'n bitter stryd om die geldelike verpligtinge na te kom. Ondanks moeilikhede het die skool wel gaandeweg gegroei en in 1908 bereik hy 'n mylpaal toe twee kandidate, met spesiale verlof van die skoolkommissie, die matrikulasie-eksamen aflê. Dié kandidate was Naomi Hennings, dogter van Carl Christian Hennings en Joon van Rooy (1890–1964), later 'n rektor van die Potchefstroomse Universiteit vir CHO en voorsitter van die Federasie van Afrikaanse Kultuur-verenigings (FAK) en van die Afrikaner-Broederbond.

Die Steynsburg CNO-skool was ook die voorloper van die Steynsburg Gereformeerde Gimnasium(hoërskool) en die Normaalkollege wat in 1913 tot stand gekom het. Hierdie kollege het in die 37 jaar wat dit bestaan het, 850 onderwysers opgelewer. Dit moes in 1950 sluit omdat daar net tien studente oorgebly het, weens die ontvolking van die platteland en ons mense nie meer groot gesinne het nie. Hierdie tragedie word die beste geillustreer in die lidmaatgetalle van die Gereformeerde kerk Steynsburg. Teen 1877 het die gemeente 341 lidmate (belydend en doop) gehad. Teen 1913 het die gemeente 'n hoogtepunt van 1315 bereik. Daarna was daar elke jaar 'n afname, totdat dit in 2016 die laagste totaal van 37 (33 belydend en 4 kinders) bereik het.



Henningsstraat in Steynsburg wat na a1.b6.c3.d9. Johannes Christiaan Henning vernoem is. Dit is die straat waarin die Normaalkollege geleë is. Die gebou in die agtergrond was die Normaalkollege wat in 1913 totstand gekom het. Dit is in 1926 deur die Staat oorgeneem, in 1950 gesluit en in 2012 in kantore omskep. Die uwe het hierdie foto self ongeveer 1994/95 geneem. Ons is bewus dat Dina Margaretha Jacoba (Dienie) Henning (gebore Greyling) *7-11-1907 vrou van b7.c8.d8.e1. Stanley Henning *26-1-1904 en ma van Gideon Henning, huidige voorsitter van die Familiebond, gedurende 1924/25 haar onderwysstudies by die Steynsburg Normaalkollege voltooi het

belangrike rol in die geskiedenis van die dorp gespeel het.

a1.b6.c3.d9.

Johannes Christiaan Henning het ongelukkig net een jaar die vrug van sy en sy geloofsgenote se handwerk kon aanskou, want hy sterf op 6 Junie 1906 te Steynsburg in die ouderdom van 63 jaar. Daar kan sekerlik aanvaar word dat al sy kleinkinders ook die Steynsburg CNO-skool en later die gimnasium bygewoon het. Die feit dat 'n straat op die dorp en 'n spoorweg stasie/halte in die distrik na hom vernoem is, getuig sekerlik dat hy, in die oë van die gemeenskap 'n



Henningstasie (eintlik net 'n spoorhalte, waar melkkanne op- en af gelai is) in die Steynsburgdistrik wat ook na a1.b6.c3.d9. Johannes Christiaan Henning vernoem is. Die halte is digby die R391 afdraai na Burgersdorp

sterf op 5 September 1928 te Carolina in die ouerdom van 73 jaar. Sy vrou Johanna sterf op 19 Desember 1930.

Die volledige geskiedenis van die Gereformeerde Kerk Steynsburg kan by die volgende Internetskakel gelees word:

[http://www.wikiwand.com/af/Gereformeerde kerk Steynsburg](http://www.wikiwand.com/af/Gereformeerde_kerk_Steynsburg)



Carl Christian Hennings *1855 wat 'n groot rol gespeel het in die totstandkoming van die CNO-skool te Steynsburg gedurende 1905



b7.c8.d8.e1. Stanley Henning *1904 en sy vrou Dina Margaretha Jacoba (Dienie) gebore Greyling * 1907 wat haar onderwyssstudies gedurende 1924/25 aan die Steynsburg Normaal-Kollege voltooi het. Hulle was die ouers van Gideon Henning, huidige voorsitter van die Henning Familiebond

Carl Christian Hennings was 'n besigheidsman op die dorp. Hy en sy skoonseun, Willem Hovy het 'n Algemene Handelaar- en Wolkopersbesigheid bedryf. Carl en sy vrou, Johanna het agt kinders (ses dogters en twee seuns) gehad. Een van die seuns – Carl – is egter as baba oorlede.

In die artikel hierna begin ons om Carl Christian Hennings se geslagsregister uiteen te sit.

Carl Christian Hennings

Kinders van Carl Christian Hennings

In hierdie artikel word van die volgende tekens gebruik: * = gebore; † = oorlede; ≈ = gedoop; χ = eerste huwelik; χχ = tweede huwelik; ÷ = geskei

Ons sal Carl Christian Hennings en sy nasate een of ander tyd in 'n aparte hoofstuk in die Henning Familielkroniek moet opneem. Ons sal dit doen sodra ons voldoende gegewens bekom het.

Carl Christian Hennings word gebore op 25 Januarie 1855 te Altona, Hamburg in die huidige Duitsland. Ons kon nog nie bepaal wanneer hy na die Kaap van Goeie Hoop emigreer het nie, maar ons weet dat hy as 'n 27-jarige jongman op 20 Desember 1881 getroud is met Johanna Postma *Rustenburg 28-11-1862. Die huwelikbevestiging is waargeneem deur Johanna se pa, Prof Dirk Postma, stigter van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, in die Gereformeerde Kerk Burgersdorp. Prof Postma was op daardie stadium rektor van die Kweekskool van die Gereformeerde Kerke in Burgersdorp. Hy het vier vrouens oorleef en was selfs 'n vyfde keer getroud. Sy dogter, Johanna is gebore uit sy vierde huwelik met Susanna Lasea Kruger *1841.

Ten tye van Carl Christian se dood op 5 September 1928 het hy en sy vrou te Carolina gewoon. Sy sterf op 19 Desember 1930 terwyl sy en haar kleindogter Johanna Geertruida Hovy in Oos-Londen vakansie hou.

Carl Christian Hennings en sy vrou Johanna Postma het agt kinders gehad.

1. Susanna (Sannie) *Burgersdorp 9-12-1882, ≈ Geref Kerk Burgersdorp 21-1-1883, †Middelburg hospitaal 26-2-1925, χ9-12-1904 Willem Hovy (Hovij). Hierdie egpaar het drie kinders gehad: Johanna Geertruida Hovy, Pauline Geertruida Hovy en Willem Hendrik Hovy.
2. Carl *17-4-1884, ≈ Geref Kerk Burgersdorp 7-6-1884, as baba oorlede 26-9-1884
3. Marie Elizabeth, *22-4-1885, ≈ Geref Kerk Burgersdorp 24-5-1885, †Graaff-Reinet 3-2-1961, χ12-9-1912 Albert S Best
4. Wilhelmina *1-2-1887, ≈ Geref Kerk Burgersdorp 6-3-1887, † Pretoria 1978, χ18-12-1913 Frank Becker Wessels. Hulle seun, Carl Johann Wessels is die vader van Karen van Renen, eggenote van Dirk van Renen, wat die saaitjie vir die voorafgaande artikel geplant het.
5. Adele Ottillie *29-10-1888, ≈ Geref Kerk Burgersdorp 9-12-1888, χ Sybrand Jakobus Mostert
6. Naomi *10-8-1890, ≈ Geref Kerk Burgersdorp 21-9-1890, ongetrouw
7. Elizabeth *Burgersdorp 11-11-1892, ≈Geref Kerk Burgersdorp 29-1-1893, †28-10-1977, χ 30-8-1914 Albertus Wynand Durr *2-1-1878, †Johannesburg 18-3-1962
8. Jan Lion *9-12-1897, †Kroonstad 13-12-1938, χ Kaapstad 20-5-1924 Anna Susanna Marie Joubert * 1899, ÷25-1-1937, χχ te Theunissen met Erna Jacomina Marie Bauer. Jan Lion en sy eerste vrou het slegs een seun gehad: Carl Christian *25-4-1925. Jan Lion Hennings was 'n prokureur te Kroonstad. Sy seun, Carl Christian is dus die enigste persoon wat die geslagsregister van hierdie Hennings stam kan voortsit. Nadat ons sy nasate opgespoor het, sal ons hierdie stam in die Henning Familielkroniek opneem. Ons kon egter tot dusver geen sterfregister, besonderhede van 'n eggenote of enige kinders opspoor nie.

Nuusbriewe per E-Pos

Ons bring dit weer onder die aandag van ons lede wat oor e-posfasiliteite beskik dat u die nuusbriewe elektronies kan ontvang, in plaas van 'n papierafskrif. Ons maak egter ook voorsiening vir lede wat die nuusbriewe elektronies en per gewone pos wil ontvang, asook lede wat slegs 'n papier eksemplaar wil hê.

Let egter daarop dat, volgens ons oordeel, die elektroniese weergawe nie geskik is as u u e-pos op u selfoon wil lees nie. Dan sou ons aanbeveel dat u by die papierweergawe bly. As u egter van 'n skootrekenaar, tafelrekenaar of tablet gebruik maak, is die elektroniese weergawe beslis van baie beter gehalte. Hier moet u egter ook daarop let dat ons die elektroniese nuusbriewe in 'n pdf lêer stuur. U kan wel self 'n kopie van die pdf lêer druk, maar die bladsynommers sal nie in korrekte volgorde wees nie.




Afsterwe van Madeleine Joubert: Aliwal-Noord Museum

Ons het met leedwese verneem van die afsterwe van mev Madeleine Joubert van die twee Aliwal-Noord Museums op 6 Januarie 2017. Weens die Henning familie se betrokkenheid in die geskiedenis van die Noord-Oos Kaap en in besonder Aliwal-Noord, het die Henning Familiebond in 1991, op uitnodiging van die ou (Wit) munisipaliteit, 'n uitstalling in die Kerkpleinmuseum voorberei en het dit sedertdien in stand gehou.

Madeleine het reeds gedurende die 1980's vrywillig betrokke geraak by die museums. Sy was vir baie jare die steunpilaar van beide museums. Sy moes nie net die hoofmuseum beman nie, maar moes ook omsien na die uitstellings. Sy moes met harde werk en slim planne fondse insamel vir die instandhouding van beide museums. Intussen moes sy die aanslae van die nuwe munisipaliteit en stadsraad wat in 1994 oorgeneem het, afweer. Hierdie nuwe bewindhebbers, wat veronderstel was om die museums te ondersteun en te befonds, het as die hoofvyand van die museums na vore getree. Madeleine het veral 'n sagte plekkie in haar hart gehad vir die Henning uitstalling en het ons gereeld op hoogte gehou as daar aandag nodig was.

Madeleine, wat alreeds in haar tagtigs was, is 'n paar jaar gelede met kanker gediagnoseer. Ten spyte hiervan het sy betrokke gebly, omdat net een ander vrywilliger na vore getree het, om haar by te staan. Hierdie vrywilliger, mnr Hannes van den Berg was egter verplig om in 2016 sy dienste op te skort weens sy vrou se afsterwe en die feit dat sy gesondheid ook versleg het. Hy moes verhuis na Springs om by sy kinders te gaan woon. Dit het Madeleine maar weer alleen gelaat.

Ons is bewus dat sy, ten spyte van haar hoë ouderdom en swak gesondheid, voortdurend op soek was na vrywillige helpers en fondse. Met 'n beklemming om ons hart wag ons om te sien of daar nou vrywilligers na vore gaan tree om by Madeleine oor te neem.



**Leonard Henry Henning
*26-3-1934, 2de voorstitter
van die Familiebond wat
op 19-1- 2017 oorlede is**

Afsterwe van Hennings

Dit is met leedwese dat ons berig oor die afsterwe van **b7.c1.d10.e3.f5.g1.Leonard Henry (Len) Henning *26-3-1934**, tweede voorstitter van die Henning Familiebond vanaf April 1995 tot September 1998, op 19 Januarie 2017 in 'n versorgingsinrigting te George. Hy het die afgelope paar jaar in Wildernis gewoon. Len het 'n maand voor sy dood twee beroerte-aanvalle kort na mekaar gehad. Hy was daarna in 'n koma en as gevolg van sy kritieke toestand, het sy dogter, Ingrid hom in 'n versorgingsinrigting in George laat opneem.

Gelukkig het Bondsekretaris Olivier Henning en sy vrou, Charlotte die naweek voor Len se dood Wildernis/ George toe gery om sy groot mater en bondgenoot te gaan besoek. Hoewel sy oë oop was, glo ons nie dat hy ons enigsins kon herken of geweet het wie of wat ons was nie. Ons is net dankbaar dat ons hom kon gaan sien het terwyl hy nog gelewe het. Hy was 83-jaar oud.

Len matrikuleer aan die einde van 1950 aan die Cambridge Hoëskool, Oos-London. Hy sluit by die Suid-Afrikaanse Lugdiens aan as 'n Graad IV klerk. Na drie jaar bedank hy en verhuis na Rhodesië (tans Zimbabwe) waar hy vir twee jaar lank te Kariba werk as aankoper vir die Britse maatskappy, Costains.

Na aflat van sy twee jaar kontrak keer hy vir 'n vakansie na Suid-Afrika terug en om met 'n vriendin van sy suster, 'n Deense meisie Grethe Peterson in die huwelik te tree. Hulle keer terug na Noord-Rhodesië (Zambië) en woon vir 10 jaar lank te Lusaka. Onafhanklikheid en onrus in Zambië laat die familie besluit om na Suid-Afrika terug te keer.

Hulle vestig te Walkerville, halfpad tussen Johannesburg en Vereeniging. Len werk as streeksverkoopbestuurder vir 'n klipgroef en sement vervaardigingsmaatskappy.

Ons het Len gedurende 1984 ontmoet toe hy by die Henning Familiebond betrokke geraak het. Ons het hom spoedig by die bestuur van die familiebond betrek, omdat hy so entoesiasties, hardwerkend en 'n trotse Henning was. Ons kon altyd op hom staatmaak. Hy is gedurende April 1995 verkies tot die tweede voorstitter van die familiebond en het in hierdie amp gedien tot September 1998, toe die bestuur van die familiebond na die Wes-Kaap verskuif het.

Op sportgebied presteer hy, soos sy pa in Skyfskiet. Hy is in 1948 as lid van die Suid-Afrikaanse skoleskietspan verkies. Daarna verteenwoordig hy Noord-Rhodesië (Zambia) as 'n senior op die skietbaan en het vanaf 1975 tot 1980 Transvaal verteenwoordig. Sy pa en sy dogter, Ingrid het natuurlik albei Springbokkleure in Skyfskiet verower en Suid-Afrika internasional verteenwoordig.

Gedurende Oktober 2006 het Len en sy dogter Sonja, Lippstadt in Duitsland besoek. Dit is die dorp vanwaar stamvader Peter Henrich Henning gekom het. Len het tydens hierdie toer vir Sonja gevra om sy as, na sy dood, in die Lipperivier, naby Lippstadt te stort. Sodra Sonja terugkeer huistoe, sal sy reël om haar pa se wens te vervul.

Len laat vier dogters, Ingrid Cronje, Ingeborg Fornefeld, Sonja Henning-Griffen en Erika Vosloo, met hul gesinne agter.



Yvonne Sylvia Henning (gebore Paul) *26-8-1960, vrou van b7.c8.d5.e4.f1.g2. Adriaan Louwrens Albertus Henning wat op 4 November 2016 oorlede is

Yvonne Sylvia Henning (gebore Paul)

***26-8-1960.** Ons het met leedwese verneem van die afsterwe van Yvonne Sylvia Henning (gebore Paul) *26-8-1960, vrou van b7.c8.d5.e4.f1.g2. Adriaan Louwrens Albertus (Rian) Henning *14-11-1958 op 4 November 2016 te Pretoria.

Yvonne het groot geword in Paullpietersburg. Sy het hoëskool toe gegaan in Vryheid en het daarna by Durban Onderwys Kollege onderwys studeer.

Yvonne Sylvia Paul en Adriaan Louwrens Albertus Henning is op 10 Oktober 1980 in Vryheid getroud en hul eerste seun, Werner Louwrens Henning is op 1 Mei 1985 te Durban gebore.

In 1986 het Rian en Yvonne na Northam verhuis, waar Rian en sy suster Susanna hul pa Louwrens Albertus Henning se besigheid uit die boedel gekoop het.

12 Augustes 1987 is Rian en Yvonne se tweede kind, Anita Henning te Pretoria gebore en 13 Mei 1990 is Sandra Henning, Rian en Yvonne se derde kind ook in Pretoria gebore.

Yvonne het oor die jare by Laerskool Northam asook Laerskool Platina skool gehou. Sy het 'n groot passie vir kuns gehad en was 'n uitstekende skilder.

Rian en Yvonne het graag op 4x4 roetes gegaan en Afrika gaan verken saam hulle familie. Hulle het later jare ook die wêreld uit die lug verken saam hulle vriende wat jaarliks 'n Jabiru vliegtoer gedoen het.

In 2011 was Yvonne vir die eerste keer met kanker gediagnoseer.

28 Januarie 2013 is Yvonne se eerste klein kind, Louwrens Henning, in Pretoria gebore. Louwrens is die seun van Werner en Yolandi Henning.

Alisa Schoeler, Yvonne se tweede kleinkind is 12 Januarie 2015 gebore. Alisa is die dogter van Hendrik en Anita Schoeler.

Yvonne se derde kleinkind, Liam Henning, is 6 Julie 2015 in Pretoria gebore. Liam is Werner en Yolandi Henning se tweede seun.

Sy was 'n vrou wat haar geloof oorgedra het in die manier wat sy geleef en gepraat het.

Yvonne het in 2011 as onderwyseres bedank. Sy het 'n baie groot liefde vir haar kleinkinders gehad en het hulle deur die dag opgepas en geleer.

Op 4 November 2016 het haar familie afskeid geneem van haar. Met haar heengaan, het sy haar man, haar ouers, suster en twee broers, haar twee dogters, seun en drie kleinkinders nagelaat. Kyk ook foto op die laaste bladsy.

Matrieks 2016



Esmari Henning tweede dogter van Marthinus Christoffel Henning en sy vrou Henesia van Welkom, wat vermoedelik die beste van alle Henning matrikulante in 2016 presteer het. Sy is ook as Presidentsverkenner in die Voortrekkers aangewys

Ongelukkig is dit nie meer moontlik om elke jaar die name van alle Henning matrikulante in Suid-Afrika in die hande te kry nie. Ons kan maar net die koerante dophou vir die name van die toppresteerders of as lede ons self verwittig.

Ons vermoed dat die toppresteerdeur vir 2016 Esmari Henning, dogter van b7.c2.d3.e4.f3.g2. Marthinus Christoffel Henning *15-11-1963 en sy vrou Henesia Erika (gebore Kleynhans) van Welkom in die Vrystaat was.

Esmari is Marthinus en Henesia se jongste dogter en het vyf onderskeidings in die volgende vakke verwerf: Afrikaans, Engels, Rekeningkunde, Lewens-wetenskappe (Biologie) en Lewens-oriëntering. Sy vat hierdie jaar 'n gap-jaar en beplan dan om in 2018 Arbeidsterapie te gaan studeer. Sy wil graag hierdie jaar bietjie op 'n perdeplaas gaan werk en perdry. So, as iemand dalk weet van so 'n geleentheid daar in julle geweste, sal Esmari bly wees om daarvan te hoor.

Haar laerskoolloopbaan het sy aan Koppie Alleen Laerskool in Riebeeckstad begin en aan Nelsdrif Laerskool, 'n plaasskool buite Welkom, voltooi. Sy was in Goudveld Hoërskool in Welkom.

Sy het ook, in Augustus 2016, haar Presidentsverkenner toekenning in die Voortrekkers op Doringkloof verwerf. **Om as Presidentsverkenner aangewys te word, is die hoogste toekenning wat 'n skolier in die Voortrekkers kan verwerf.**

Foto



a1.b1.c6.d4.e6.f2.g2. Pieter Abraham Henning *16-10-1941 het vir ons 'n nuwe foto van hom en sy hele familie, wat gedurende Desember 2016 geneem is, gestuur. VLNR: Jeanetta (eggenoot van Pieter) *1-1-1949; h1.i2 Pieter Christiaan (seun van Salomon); Susan (geb Smit, eggenoot van Salomon); h1.i1 Jeanetta Maria (dogter van Salomon); h1 Salomon Johannes *21-1-1973; Philippa (geb Squires, eggenoot van Theuns); h3 Theuns Christiaan *1-10-1980; a1.b1.c6.d4.e6.f2.g2. Pieter Abraham; h2 Marissa (getroud Petzer)*12-2-1976; Nadia (dogter van Marissa); Francois Petzer (eggenoot van Marissa); en Bianca (dogter van Marissa).

Henning's en Henning Nasate kuier saam



'n Heerlike middagete is voorberei vir die dertien kleinneefs en kleinniggies wat bymekaar gekom het. Staande heelagter: Olivier Henning; Gert Grobler en sy vrou Sylvia (gebore Henning); Voor rondom die tafel V.l.n.r: Hettie en Fanie Henning; Aubrey en Wiena Wilkinson (gebore Henning); Charlotte Henning vrou van Olivier; Margaret Britz (gebore Cooksen) en haar suster Elizabeth van Oudtshoorn (gebore Cooksen); Cornelia Underwood (gebore Fuller) niggie van die twee Cooksen susters; Gideon Henning (staande) en sy vrou Wiena. Gideon is tans die Voorsitter van die Henning Familiebond.

- Aubrey Wilkinson. Wiena is 'n dogter van b7.c8.d8.e3. Leonard Henning *24-7-1908;
3. Olivier Johannes Henning en sy vrou Charlotte. Olivier is die seun van Leonard Henning (soos by Wiena). Hy is die Bondsekretaris van die Familiebond;
 4. Stephanus Rudolf (Fanie)Henning en sy vrou Hettie. Fanie is ook 'n seun van Leonard Henning;
 5. Sylvia Daisy Grobler (gebore Henning) en haar man Gert Grobler. Sylvia is ook 'n dogter van Leonard Henning;
 6. Cornelia Margaretha (Connie) Underwood (gebore Fuller) dogter van Reg Fuller, kleindogter van b7.c8.d11. Annie Isabella Fuller (gebore Henning);
 7. Elizabeth (Liz)van Oudtshoorn (gebore Cooksen), dogter van Alice Cooksen, kleindogter van Annie Isabella Fuller;
 8. Margaret Britz (gebore Cooksen) suster van Elizabeth van Oudtshoorn, kleindogter van Annie Isabella Fuller.

Baie van hulle het mekaar as kinders laas gesien. Daar is lekker gekuier, ge-eet, stories uitgeruil en beloftes gemaak om weer by mekaar uit te kom. Elizabeth van Oudtshoorn, haar suster Margaret Britz en Gert- en Sylvia Grobler het spesiaal van Durban, Bloemfontein en Randburg gekom om hierdie heerlike dag saam met ons deur te bring.

Op 4 Oktober 2016 het 'n groep van agt kleinkinders van b7.c8.d8 Olivier Johannes Henning *11-9-1869 en sy jongste suster, b7.c8.d11. Annie Isabella Henning *23-1-1877 (getroud Fuller) by die huis van Bondsekretaris Olivier Henning by die Theewaterskloof Landgoed naby Villiersdorp bymekaar gekom. Die teenwoordiges was:

1. Gideon Stephanus Henning *10-10-1935 en sy vrou Wiena. Gideon is die seun van b7.c8.d8.e1. Stanley Henning, oudste seun van Olivier Johannes Henning *11-9-1869. Hy is ook die huidige voorsitter van die Henning Familiebond;

2. Wilhelmina (Wiena) Wilkinson (gebore Henning) en haar man

Geldsake

Die oorplasing van die bankrekening van die familiebond vanaf ABSA Bank na FNB het vlot verloop en ons dink dat al ons lede kennis geneem het van die verandering. Ons het dus die ABSA rekening nou permanent gesluit. Ons versoek dus vriendelike dat alle donasies voortaan in die familiebond se rekening by FNB gedeponeer word. Die besonderhede is as volg: FNB Villierdorp tak 200 712; Rekeningnaam – Henning Familiebond; Rekeningnr 6265 7601 483. Gebruik asseblief u voorletters en van en, indien moontlik, u lidnommer as verwysing.

Baie dankie aan al daardie lede wat voortgaan om op 'n maandelikse wyse bydraes te maak. Dieselfde waardering word uitgespreek teenoor lede wat hul jaarlikse bydrae oor die afgelope drie maande vir ons gestuur het. Soos gewoonlik vermeld ons die name van diegene wat bedrae van R300.00 of meer bygedra het:

- Dr M E J (Tjol) Henning en sy vrou Amanda van Lyttelton, Centurion – R500.00
- Stanley Henning, sy vrou, Mary-Ann en hul twee volwasse kinders, Heinrich and Anél van Wierdapark, Centurion - saam R900.00
- Dr P F J (Pieter) Henning van Marblehall — R400.00



Henning Aandenkings

Kan mens glo! Afgesien van Henning CD's met die familiekroniek, het ons in 2016 geen van ons ander mooi Henning aandenkings verkoop nie. Al hierdie aandenkings sal pragtige verjaardag- of kersgeskenke uitmaak, of goed in 'n vertoonkas vertoon. Ons wil dus 'n beroep op alle Henning's doen om ons te ondersteun.

U kan telefonies (028 840 0113 of sel 082 355 3801) of per E-Pos (olie4@henning.org) bestel. Ongelukkig word posgeld volgens die gewig van die pakkie

bygevoeg, dus sal ons u eers in kennis stel hoeveel die posgeld sal bedra, voordat u die geld in die Familiebond se rekening deponeer. Rekening besonderhede: **FNB Lopende rekening 6265 7601 483; Tak nr 200 712. Rekening naam – Henning Familiebond. Vermeld u lidnommer of voorletters en van as verwysing**

1. Teelepels — R50.00 elk (goud geplatteer) **Pragtig as 'n stel van ses of meer, saam met 'n suikerlepel**, of individueel in 'n teelepel versameling
2. Suikerlepels (goud geplatteer) — R54.00 elk
3. Lapelwapens — R30.00 elk
4. Mansjetknope —R100.00 stel. **Werklik pragtig! Kan met trots gedra of in 'n vertoonkas vertoon word. Sal ook 'n mooi erfstuk word**
5. Skryfblokke (50 bladsye) — R30.00 elk
6. Henning CD — R125.00 elk
7. Doen eers navraag wat u pakkie se posgeld sal bedra voordat u enige geld inbetaal. Onthou ook dat as u wil hê dat ons die pakkie met geregistreerde pos stuur, dit 'n ekstra R30.00 sal kos.



Op bl 10 word berig oor die dood van Yvonne Sylvia Henning (gebore Paul). Hierdie foto is van haar man, b7.c8.d5.e4.f1.g2. Adriaan Louwrens Albertus (Drian) Henning *14-11-1958, hulle seun, Werner Louwrens *1-5-1985 en twee kleinseuns, Louwrens *28-1-2013 en Liam *6-7-2015